## 11 September Psalm 4 (4:9)

### *Jy is veilig by God*

Hoe gaan dit met jou? Dadelik kan 'n mens aan 'n klomp redes dink hoekom dit sleg gaan. Daar is baie dinge in hierdie wêreld wat 'n mens kan ontstel en inderdaad ontstel! Die mense rondom jou kan jou ontstel met die manier waarop jou eer aangetas word. Die valsheid en leuens, wat in die wêreld 'n alledaagse verskynsel is, maak jou bang. Dan is daar die stryd om aan die lewe te bly; swaar ekonomiese tye, werkloosheid en die moontlikheid dat jy self jou werk kan verloor. Dit is dinge wat 'n mens moedeloos kan maak. Aanslae teen liggaam en siel. Dit lyk so eindeloos! Is dit? Nee, want vóór God en by Hom kan ons onbesorg leef. Hoor wat sê die psalmdigter: Die Here verskaf aan ons reg. Hy bevry ons van dit wat ons bedreig. Die psalmdigter ken God se genade. Hy weet dat daar antwoorde op sy gebede is. By die Here is daar vreugde en vrede. Die mense rondom ons is altyd daar. Aanslae sal daar altyd wees - en dit sal erger word, maar by God is ons veilig en kan ons stryd voer en die swaar van die lewe met sekerheid verduur. By Hom is ons veilig, ongeag wat gebeur. Niks kan ons van God se liefde skei wat Hy in Jesus Christus en deur sy Heilige Gees elke dag aan ons gee.

Sien jy, dit gaan nie sleg nie. Hoekom gaan dit goed met jou? Omdat jy veilig is by God.

Sing: Psalm 91:1 Ds. M.P. Fourie (Keetmanshoop/Karasburg)